

competition commission
south africa

# DIE VERKRYGING VAN SKOOLDRAG & LEERMATERIAAL

## 'N GIDS VIR SKOLE, OUERS EN SKOOLBEHEERLIGGAME



*a growing, deconcentrated and inclusive economy*

**www.compcom.co.za**







## Hierdie riglyn vir die verkryging van skooldrag en leermateriaal is daarop gemik om:

Die Competition Commission het oor baie jare verskeie klagtes van ouers en voogde teen skole en verskaffers van skooldrag ondersoek. Ouers het hoofsaaklik oor twee dinge gekla:

1. die **hoë prys van skooldrag;** en
2. dat sommige skole ouers verplig het om skooluniforms en leerverwante materiaal by **slegs een verskaffer aan te koop**.



Hierdie optrede het ouers aan die begin van elke skooljaar platsak gelaat en gefrustreerd laat voel omdat hulle nie 'n goedkoper verskaffer vir skooluniforms kon kry nie.

- skole, ouers en beheerliggame te help om die voordele van mededinging by die verkoop van skooldrag en leermateriaal te verstaan;
- skole te help om mededinging tussen verskaffers van skooldrag en leermateriaal te bevorder;
- ouers aan te moedig om betrokke te raak en hul reg om waarde vir geld te kies, uit te oefen; en
- beheerliggame aan te moedig om beleide te ontwikkel wat pro-mededingende verkrygingspraktyke bevorder.

As almal saamwerk, kan skole, ouers en beheerliggame die prys van skooldrag en leermateriaal verlaag.

## Waarom is mededinging belangrik in die verkryging van skooldrag en leermateriaal?

Wanneer verskaffers van skooldrag en leermateriaal met mekaar meeding om klante, word hulle voortdurend aangemoedig om hul gehalte te verbeter en hul pryse te verlaag om sodoende verkope te lok. Ongelukkig is die teenoorgestelde ook waar: wanneer verskaffers nie meeding nie en verseker is dat hulle klante van ‘n skool kry – hetsy omdat die skool se uniformvereistes uniek is, of omdat die skool ‘n eksklusiewe ooreenkoms met een verskaffer het – verdwyn die aansporing om die gehalte deurlopend te verbeter of om maniere te vind om hul pryse te verlaag.

Tyd het bewys dat mededinging ‘n effektiewe manier is om verskaffers te laat innoveer vir die beste gehalte teen die laagste prys. Die Competition Commission se doel is om die wiele van mededinging in hierdie mark te laat draai en te verseker dat klante uiteindelik die voordele van mededinging pluk: die beste gehalte teen die laagste prys.

### *Wat skole kan doen om die prys van skooldrag te verlaag*




- ***Sluit in, moenie uitsluit nie:*** skole moet hul skooldrag so generies moontlik maak, sodat ouers dit by verskeie verskaffers kan koop, nie slegs by een nie;
- ***Brei geleenthede uit:*** skole moet soveel moontlik verskaffers van skooldrag aanstel of aanwys sodat klante meer keuses het;
- ***Verminder, hergebruik en herwin:*** die aantal eksklusiewe items wat op skooldrag verskyn, moet beperk word tot die noodsaaklike en moet, waar moontlik, herbruikbaar wees om herhaalde uitgawes en vermorsing te verminder. Hierdie opsie word egter nie aangemoedig tydens die onsekere tye van die Covid-19-pandemie nie; en
- ***Bie en roteer:*** as skole eksklusiewe diensverskaffers moet aanstel, moet hulle dit doen na ‘n mededingende bodproses wat gereeld moet roteer.

## *Wat ouers kan doen om die prys van skooldrag te verlaag*

Soek rond voor jy koop

Moedig aan en agiteer

Wees waaksaam

- ***Soek rond voor jy koop:*** ouers moet hul reg om vergelykbare gehalte teen die laagste prys te kies uitoefen;
- ***Moedig aan en agiteer:*** ouers moet hul skole aktief aanmoedig om die Competition Commission se riglyne oor die verkryging van skooldrag toe te pas en om 'n onderneming in hierdie verband te onderteken. Hierdie dokumente is op die Competition Commission se webwerf beskikbaar; en
- ***Wees waaksaam:*** ouers moet skole wat hierdie riglyne oortree en voortgaan om eksklusiewe ooreenkomste met skooldragverskaffers te onderteken, by ons rapporteer.

## *Wat beheerliggame kan doen om die prys van skooldrag te verlaag*

Voldoening

Wees waaksaam

- ***Voldoening:*** Beheerliggame moet toesien dat hul skole die Competition Commission se riglyne ten opsigte van die verkryging van skooldrag implementeer. Hulle moet ook 'n vrywillige onderneming in hierdie verband onderteken as 'n openbare belofte van hul verbintenis ten gunte van mededinging. Hierdie dokumente is op die Competition Commission se webwerf beskikbaar; en
- ***Wees waaksaam:*** Beheerliggame moet skole wat hierdie riglyne verontagsaam en voortgaan om eksklusiewe ooreenkomste met verskaffers van skooldrag te onderteken, rapporteer.

## HOE OM TE RAPPORTEER

Klagtes kan op een van twee maklike maniere by die Kommissie ingedien word:

***Voltooi 'n kort CC1-vorm,*** wat by www.compcom.co.za gevind kan word, en gee 'n kort beskrywing van u klagte. Stuur dan die vorm en beskrywing aan ccsa@compcom.co.za; of

***Stuur 'n WhatsApp*** na 084 743 000 met 'n kort beskrywing van u klagte.

*Hierdie riglyn is in Julie 2021 gepubliseer*